**2 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:37-47**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:42**

## Gebed is een van die pilare waarop die kerk gebou word

In die boek Handelinge is daar 'n deurlopende patroon wat ons baie oor gebed leer: Daar is krisisse, die gelowiges bid en God gee uitkoms! In Handelinge 2:42 lees ons: "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd *en die gebede*."

Die gelowiges beleef skielik 'n krisis: Hulle Here is weg, Hy het opgevaar na die hemel en die Heilige Gees is pas uitgestort. Hulle moet nou begin om 'n Nuwe-Testamentiese patroon van kerkwees te vestig. Hulle doen dit op vier pilare, waarvan *gebed* een is. Die gevolg is dat daar elke dag mense tot bekering kom en by die kerk aansluit. *'n Kerk wat wil groei, is 'n biddende kerk!* Sonder gebed stagneer 'n kerk. Met gebed groei 'n kerk.

Sien u die patroon? Krisis, gebed, uitkoms! Bid vir die volgende:

- Dat God ons sal leer om in krisisse nie moedeloos te word nie, maar om te bid.
- Dat ons gemeentes op die volgende vier pilare sal staan: die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd *en die gebede*.
- Dat elkeen van ons meer sal bid.
- Dat ons as huisgesinne meer saam sal bid.
- Dat God ons gebede sal verhoor soos in Handelinge en dat ons gemeente sal groei.

*Sing: Psalm 25:1, 2 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*